



BELEID OOR DIE IDENTIFISERING EN BEWARING VAN INISIASIETERREINE IN DIE WES-KAAP

1. Inleiding

1.1 Erfenis Wes-Kaap (EWK) en die Departement van Kultuursake en Sport (DKES)

EWK saam met die DKES het 'n raamwerk opgestel waarvolgens inisiasiterreine bestuur kan word.

Ingevolge die DKES se Raamwerk vir Inisiasiterreine is die instelling van inisiasie en die beskerming daarvan 'n gemeenskap se kulturele, geestelike en godsdienstige reg. In die Handves van Regte beskerm en bevorder die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika hierdie regte en plaas dit op alle statutêre en private liggame die verpligting om die Handves van Regte te bevorder en daaraan te voldoen.

Die doel van die DKES se Raamwerk vir Inisiasiterreine is om 'n veilige en bemagtigende omgewing te skep wat effektiewe rites van oorgang tot verantwoordelike volwassenheid en burgerskap moontlik sal maak.

1.2 Formeel geïdentifiseerde inisiasiterreine

'n Bylae van formeel geïdentifiseerde inisiasiterreine is by EWK geregistreer.

2. Formele identifisering van inisiasiterreine

Riglyne vir die formele identifisering van inisiasiterreine

Die volgende riglyne is beskikbaar om met die formele identifisering van inisiasiterreine te help. Die kriteria wat hieronder (Tabel 1) geïdentifiseer is, moet nagekom word voordat 'n terrein by die bylae van formeel geïdentifiseerde inisiasiterreine in 1.2 hierbo gevoeg kan word.

Tabel 1: Kriteria waaraan voldoen moet word voordat 'n terrein by die bylae gevoeg kan word

Element/Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Voorgestelde riglyne
Gebruik of skaal	Kan daar vir 'n paar streekterreine voorsiening gemaak word of moet daar 'n kleiner plaaslike terrein wees of is 'n kombinasie van albei die beste opsie?	Drie tot vier streekterreine met kleiner terreine in elke distrik
Ligging	Kan die terrein of terreine buite die stedelike gebied wees en wat is die maksimum afstand?	Hoogstens 5 km van die gemeenskap en kan binne 20 minute per voertuig bereik word.
Kapasiteit	Hoeveel individue kan op 'n terrein gehuisves word? Wat is die ideale digtheid van 'n terrein?	Tussen 16 en 20 hutte per hektaar. Gemiddeld twee tot vier individue per hut.
Grootte	Wat is die minimum grootte van 'n terrein en as streekterreine gekies word, wat is die ideale grootte?	Drie tot sewe hektaar word aanbeveel.
Dienste	Watter diensvlakke word op die terrein vereis? Gesien die ligging in stedelike gebiede moet water en sanitasie as 'n minimum vereiste oorweeg word, asook nabyheid aan gesondheidsfasiliteite.	Gevoel van wildernisgebied Water en sanitasie Vullisverwydering Nabyheid aan gesondheidsfasiliteite
Terreinsamestelling	Watter spesifieke plantegroei is nodig? Kan die terrein langs die see wees? Moet dit gelyk wees of kan dit in bergagtige gebied wees?	Hoë digtheid en hoë plantegroei is nodig in 'n geomorfologies gelyk gebied. Hoë digtheid maar laer plantegroei is nodig langs die see. Kan in gelyk of bergagtige gebied wees.
Toegang en parkering	Is voertuigtoegang en parkering nodig en moet busse die terrein kan bereik? Daar moet gepaste voorsiening vir noodontruiming wees.	Geen voertuigtoegang tot die terrein word toegelaat nie. Voertuigtoegang net tot die buiterand. Parkering en bustoegang nodig by die buiterand.
Eienaarskap	Ideaal gesproke moet die grond aan 'n openbare entiteit behoort. As die grond in privaat besit is, is daar 'n behoefte aan 'n formele ooreenkoms met die grondeienaar?	Ongeag of die grond in openbare of privaat besit is, daar moet ingevolge artikel 42 van die WNEH 'n formele erfenisooreenkoms met die grondeienaar wees vir die gebruik van die grond vir inisiasieterreine. (Kyk 3.3 hieronder.)
Privaatheid	Die terrein moet privaat wees wat sigbaarheid en toegang betref.	Afskerming Toegangbeheer Buffersones met hoogtebeperkings
Ander	Kan 'n terrein met ander gebruikers gedeel word of vir ander doeleindes gebruik word soos stedelike landbou, ens?	Medegebruik volgens spesifieke en ooreengekome bepalings is aanvaarbaar.

Element/Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Voorgestelde riglyne
		Bewaring van ekologiese biodiversiteit

3. Beskerming van inisiasieterreine

3.1 Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)

Hierdie artikel [Watter artikel?] van die WNEH bepaal verskeie kategorieë ontwikkeling en vereis dat die ontwikkelaar EWK in hierdie gevalle van sodanige ontwikkeling in kennis moet stel. Dit kan dan meebring dat EWK die voorlegging van 'n impakbepaling kan vereis.

Ingevolge artikel 38(1)(e) kan EWK enige kategorie ontwikkeling wat tot 'n proses ingevolge artikel 38(1) kan lei, identifiseer en by regulasie verklaar. Ingevolge die voorgestelde EWK-regulasie oor die verklaring van inisiasieterreine as 'n spesiale kategorie ontwikkeling sal 'n volledige erfenisimpakbepaling vereis word vir enige voorgestelde ontwikkeling wat 'n impak sal hê op 'n terrein wat vir die praktyk van inisiasierites gebruik word. Dit sluit in uitgebreide openbare deelname ingevolge artikel 38(3) van die WNEH ten einde bekende of bestaande inisiasieterreine te identifiseer en om 'n geleentheid te bied vir die inrigting van nuwe inisiasieterreine vir gebruik deur die betrokke gemeenskap.

3.2 Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR)

Ingevolge artikel 30 van die WNEH, ten tyde van die samestelling of hersiening van 'n dorps- of streekbeplanningskema of 'n ruimtelike ontwikkelingsplan, of in enige ander stadium na sy goeddunke, of op inisiatief van 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid, moet 'n beplanningsowerheid 'n inventaris opstel van die erfenishulpbronne wat binne sy regsgebied val en hierdie inventaris aan die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid voorlê.

Bestaande inisiasieterreine word ingevolge hierdie beleid as erfenishulpbronne beskou en moet dus ingevolge artikel 30 van die WNEH by die inventaris van 'n plaaslike owerheid ingesluit word. Bestaande inisiasieterreine hoef nie formeel geïdentifiseer te word soos in 1.2 hierbo om by die inventaris ingesluit te word nie.

3.3 Erfenisooreenkomste

Vir bekende inisiasieterreine wat op grond in openbare of privaat besit bestaan, kan EWK ingevolge artikel 42 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), 'n erfenisooreenkoms oor die bestuur van hierdie erfenishulpbron met grondeienaars en/of die gebruikers van hierdie terreine aangaan.

3.4 Terreine onder direkte bedreiging

Indien 'n inisiasierterrein deur ontwikkeling bedreig word, moet 'n gelykwaardige terrein wat voldoen aan die kriteria wat in 2 hierbo en 5 hieronder geskets is, verskaf word voordat sodanige ontwikkeling goedgekeur kan word.

Indien normale erfenisingrypingsmeganismes nie die terrein kan beveilig nie, en indien geen geskikte alternatiewe terrein verskaf kan word nie, kan EWK 'n inisiasierterrein voorlopig beskerm ingevolge artikel 29 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999).

4. Voorsiening vir die ontwikkeling van nuwe inisiasierterreine

4.1 Artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)

Vir nuwe voorgestelde ontwikkelings wat voorsiening maak vir mense wat isiXhosa, abeSotho en amaHlubi kulturele rites beoefen, moet daar in die nuwe ontwikkelingsvoorstelle voorsiening gemaak word vir die vestiging van nuwe inisiasierterreine om die gemeenskap te dien.

4.2 Vereistes

Die volgende riglyne (Tabel 2) moet met die betrokke gemeenskapsverteenvoerders en inisiasieforums bespreek word, asook met die DKES se Kultuurdiens, vir die vestiging van nuwe inisiasierterreine in enige gebied.

Tabel 2: Riglyne vir bespreking vir die vestiging van nuwe inisiasierterreine

Element/Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Moontlike riglyne
Gebruik of skaal	Kan daar vir 'n paar streekterreine voorsiening gemaak word of moet daar 'n kleiner plaaslike terrein wees of is 'n kombinasie van albei die beste opsie?	Drie tot vier streekterreine met kleiner terreine in elke distrik
Ligging	Kan die terrein of terreine buite die stedelike gebied wees en wat is die maksimum afstand?	Hoogstens 5 km van die gemeenskap en kan binne 20 minute per voertuig bereik word.
Kapasiteit	Hoeveel individue kan op 'n terrein gehuisves word? Wat is die ideale digtheid van 'n terrein?	Tussen 16 en 20 hutte per hektaar Gemiddeld twee tot vier individue per hut
Grootte	Wat is die minimum grootte van 'n terrein en as streekterreine gekies word, wat is die ideale grootte?	Drie tot sewe hektaar word aanbeveel.

Element/Veranderlike	Beskrywing/Vraag	Moontlike riglyne
Dienste	Watter diensvlakke word op die terrein vereis? Gesien die ligging in stedelike gebiede moet water en sanitasie as 'n minimum vereiste oorweeg word, asook nabyheid aan gesondheidsfasiliteite.	Gevoel van wildernisgebied Water en sanitasie Vullisverwydering Nabyheid aan gesondheidsfasiliteite
Terreinsamestelling	Watter spesifieke plantegroei is nodig? Kan die terrein langs die see wees? Moet dit gelyk wees of kan dit in bergagtige gebied wees?	Hoë digtheid en hoë plantegroei is nodig in 'n geomorfologies gelyk gebied. Hoë digtheid maar laer plantegroei is nodig langs die see. Kan in gelyk of bergagtige gebied wees.
Toegang en parkering	Is voertuigtoegang en parkering nodig en moet busse die terrein kan bereik? Daar moet gepaste voorsiening vir noodontruiming wees.	Geen voertuigtoegang tot die terrein word toegelaat nie. Voertuigtoegang net tot die buiterand. Parkering en bustoegang nodig by die buiterand.
Eienaarskap	Ideaal gesproke moet die grond aan 'n openbare entiteit behoort. As die grond in privaat besit is, is daar 'n behoefte aan 'n formele ooreenkoms met die grondeienaar?	Ongeag of die grond in openbare of privaat besit is, daar moet ingevolge artikel 42 van die WNEH 'n formele erfenisooreenkoms met die grondeienaar wees vir die gebruik van die grond vir inisiasieterreine.
Privaatheid	Die terrein moet privaat wees wat sigbaarheid en toegang betref.	Afskerming Toegangbeheer Buffersones met hoogtebeperkings
Ander	Kan 'n terrein met ander gebruikers gedeel word of vir ander doeleindes gebruik word soos stedelike landbou, ens?	Medegebruik volgens spesifieke en ooreengekome bepalings is aanvaarbaar. Bewaring van ekologiese biodiversiteit

5. Deling van inligting

5.1 Deling van inligting tussen EWK en die DKES se Kultuurdien

- 5.1.1 Die DKES sal EWK in kennis stel van alle nuwe geïdentifiseerde terreine en sal georuimtelike inligting daarvoor verskaf. Hierdie terreine sal gekarteer en ingesluit word in die erfenis-GIS-laag vir die Wes-Kaap.

- 5.1.2 EWK sal die DKES in kennis stel van enige nuwe voorgestelde inisiasierterreine wat ingevolge artikels 30, 31 en 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), geïdentifiseer is.

5.2 Deling van inligting met die publiek

- 5.2.1 Terreine kan gekarteer word, maar dit moet nie die gebruikers van die terreine identifiseer nie en ook nie die tye wanneer die terreine gebruik word nie.
- 5.2.2 Gemeenskapsverteenwoordigers en geregistreerde inisiasierterreine moet aangemoedig word om as erfenisbewaringsliggame te registreer ingevolge artikel 25(1)(b) van die WNEH.